



11 Januarie 2022

Geagte Jansies

Ons begin môre met 'n nuwe jaar! Na twee jaar van groot uitdagings glo en vertrou ons dat 2022 'n baie goeie jaar vir almal gaan wees.

Baie welkom aan ons nuwe ouers. Ons vertrou dat u uitgerus en reg vir die nuwe jaar is.

ADMINISTRATIEWE REËLINGS

1. Skooltye

Maandae tot Vrydae : 07:30 tot 14:00

(Indien buitemuurse aktiwiteite dit sou vereis, sal die skool vroeër/later uitkom. 'n Kennisgewing in dié verband sal betyds aan die leerlinge deurgegee word).

Ons doen 'n beroep op ouers dat leerlinge asb. betyds by die skool sal wees. Hekke word om 07:30 gesluit en laatkommers moet by die hoofhek rapporteer.

2. Versoeke om die skool vroeër te verlaat

Onderrig word benadeel a.g.v. leerlinge wat die skool vroeër moet verlaat. Ons versoek dat ouers afsprake vir leerders na skool maak. Leerders wat die skool voor 10:00 verlaat, sal afwesig gemerk word.

BRIEWE OM DIE SKOOL VROEËR TE VERLAAT, MOET VOOR 08:00 OP DIE DAG VAN DIE AFSpraak BY DIE ALGEMENE KANTOOR INGEHANDIG WORD (NA 08:00 SAL GEEN LEERLINGE TOESTEMMING KRY OM UIT TE TEKEN NIE). NEEM ASB. KENNIS DAT GEEN OPROEPE OF E-POSSE AANVAAR SAL WORD NIE; OORSPRONKLIKE GETEKENDE BRIEWE MOET INGEDIEN WORD. LEERLINGE MOET BY DIE KANTOOR GEHAAL WORD. INDIEN LEERLINGE DEUR IEMAND ANDERS GEHAAL WORD (AL IS DIT 'N BROER OF SUSTER), MOET SKRIFTELIKE TOESTEMMING DEUR DIE OUER/S BY DIE ALGEMENE KANTOOR INGEHANDIG WORD.

5. Siek leerders

Geen leerder mag self hul ouers skakel indien hul siek is nie. Hul moet by die onderwyser in die klas toestemming kry om na die voorkantoor te gaan, of indien dit pouse is, moet hul direk by die kantoor aanmeld. Hul sal dan in die siekekamer geakkomodeer word en indien dit nodig is, sal die kantoordames u as ouers skakel om u kind te kom haal. **GEEN** leerder sal uit die klas geroep word nie.

6. Selfone

Indien 'n leerder 'n selfoon tydens klas gebruik of misbruik, word die selfoon gekonfiskeer en in die kluis bewaar. Die selfoon kan aan die einde van die skooldag teen 'n bedrag van **R150-00** teruggekoop word. Indien die bedrag nie betaal word nie, bly die selfoon in die kluis.

7. Aflaai van leerlinge

Leerders kan by die hoofparkeerarea of in Settstraat afgelaai word.

8. Kommunikasie

Omsendbriewe rakende byeenkomste, vergaderings en ander aktiwiteite word van tyd tot tyd na die ouerhuise gestuur. Ons versoek ouers om gereeld hul kind/kinders te vra vir hierdie omsendbriewe om onnodige telefoonoproepe uit te skakel. Ons plaas ook al die inligting op ons Facebookblad en gaan binnekort 'n nuwe toepassing aktiveer wat alle kommunikasie sal hanteer.

9. **Voorkoms van leerlinge**
Help asb. dat u kind se voorkoms te alle tye netjies en volgens die skoolreëls is sodat hulle as ware ambassadeurs van ons skool kan optree.
10. **Skoolbaadjies**
Slegs die gestreepte baadjies mag gedra word, tensy die leerling erekleure/prestasiekleure (slegs van graad 9 af) ontvang het, of deel van die Jansenraad is.
11. **Matriekdrag**
Neem kennis dat daar **GEEN** spesiale matriekdrag vir die matriekleerders is nie.
12. **Juwele**
Leerlinge mag slegs goedgekeurde juwele skool toe dra. Indien die leerders juwele dra wat nie deur die skool goedgekeur is nie, sal die leerling versoek word om die juwele by die voorkantoor in te handig vir veilige bewaring en mag dit eers aan die einde van die kwartaal afgehaal word.
13. **Roosters en klasse**
Geen leerder sal van klasse geskuif word nie. Indien die leerder in 'n klas ingedeel word, moet die ouers asseblief nie die skool skakel en vra dat die kind na 'n ander klas of onderwyser geskuif word nie.
14. **Vorms en dokumentasie**
Indien die leerders afskeurstrokies, vrywaringsvorms of ID-dokumente (asook enige ander dokumentasie) skool toe moet bring, mag dit nie na die skool ge-epos (en gedruk) word nie.
15. **Covid 19-protokol**
Neem asb. kennis dat alle Covid 19-protokol nog geld en maskers ten alle tye gedra moet word.
16. **Voertuie van leerders**
Leerders met 'n geldige bestuurlisensie (nie leederlisensie nie) mag by die Arendsnes parkeer op voorwaarde dat 'n afskrif van hul bestuurlisensie by mnr. A. Lubbe ingehandig word.

By voorbaat dank vir u ondersteuning, entoesiasme en samewerking!

Jansengroete.



LF DE BEER
HOOF

-----✂-----
Hiermee erken ek die ouer/voog van _____ in Graad _____
ontvangs van hierdie omsendskrywe.

HANDTEKENING VAN OUER